### *`n Blik in die orde van die sterrewêreld*

**139** **Ek** sê: "Wel, die paleis is die huis van die hoof van `n skool uit die streek wat jy nou gesien het. Al die skoolhutte staan onder sy leiding en die voorwerpe wat op die mere ronddrywe, word op bepaalde tye vir die verdere onderwys in die hoëre wysheid gebruik. Soos hierdie woning, staan daar nog talle honderdduisende alleen net op al die middelsone van hierdie ligwêreld, en ook nog `n aantal baie groot stede. Naas hierdie sonne, waarvan jy nou `n baie klein deel gesien het, is daar op hierdie wêreld nog ses en sewentig newe-sonne, wat elk op sy heeltemal eie manier ingerig is. Hierdie wêreld is, net soos die eerste, `n son soos wat die een van ons oordag die aarde verlig, maar daar is hierdie verskil, dat die son wat jy eerste gesien het, ongeveer duisend maal groter is as die son van ons aarde. Die ene wat jy nou so pas gesien het, is ongeveer vierduisend maal groter as ons son. Ons son is ongeveer duisend maal duisend (eenmijoen) ``maal groter as die hele aarde.

[2] Die mense van ons aarde het egter nog `n baie verkeerde begrip van die aarde en van die son, die maan en van al die sterre. As hulle later eendag beter sal kan bereken, sal hulle ook tot beter voorstellings van die wêreldliggame in die eindelose skeppingsruimte kom.

[3] Ek wil jou wel vertel dat daar om elkeen van die sonne, op verskillende afstande, `n behoorlike aantal van sulke aardes (planete) wentel soos die van ons. Verskeie van hierdie aardes het satelliete daarby, wat as konstante begeleiers om hulle heen draai, soos die maan om ons aarde! Soveel aardes as wat deur `n son versorg word, soveel ooreenkomstige sones het elke son. Steeds vir elke aarde `n sone. Dit geld nie vir die middelsonne nie, wat bestem is vir die vashou en lei van die aardesonne wat `n duisendmaal duisend maal groter is as tienmaal duisendmaal duisend (tien miljoen) van sulke sonne waar jy daar nou twee van gesien het.

[4] So `n middelson is nie meer in gordels verdeel nie, maar sy is op haar oppervlakte in net soveel gebiede ingedeel as die aantal enkele sonne wat sy moet versorg. En elke gebied wat `n ooreenkoms het met `n aardeson, is duisend tot tien duisend maal groter as die oppervlakte van die betreffende enkele aardeson plus al haar omsirkelende aardes. Om één middelson trek minstens duisend maal duisend aardesonne hul bane.

[5] Maar dan is daar nog middelsonne waarom weer duisend maal duisend van die genoemde middelsonne met al hul aardesonne beweeg, en dan weer middelsonne waar omheen die middelsonne van die tweede kategorie beweeg, en uiteindelik `n gemeenskaplike middel wêreldliggaam wat haar bevind in die onmeetlike diepte van `n middelsonnegebied, en geen ander beweging het as om haar eie as nie. Die middelliggaam is ook `n son, maar dit is so groot dat alle tallose aardesonne, die middelsonne van die eerste, tweede en derde orde en alle aardes en mane, wat om die tallose talle aardesonne draai, tesame met die talle duisende groot en kleinere komete, wat as toekomstige aardes in onreëlmatige kringe om die aardesonne hul weg baan, nie `n honderd duisendste deel van haar liggaamsinhoud sou uitmaak as die genoemde hoofmiddelson `n hol kegel sou wees en die bogenoemde tallose talle hemelliggame hulle daarin sou bevind nie. - Jarah, kan jy jou nou voorstel wat Ek vertel het?"

[6] **Jarah** sê: "Meester, wie kan so iets groots verstaan?! `n Voorstelling kan ek my natuurlik nou wel daarvan maak, maar daarby begin dit my baie duiselig te maak! Ook van hierdie son het ek nou genoeg gesien, maar tog weet ek nou nog nie hoe ek my daarmee `n antwoord moet gee op die vraag oor die bestaan van die onrype volke van die aarde in die groot hiernamaals nie."

[7] **Ek** sê: "Nou, wend dan eers jou oë af van die innerlik waargenome son en luister dan na My!"

[8] Jarah sê: "Meester, dit het al gebeur!"

### *Ontwikkelingsperiode in die hiernamaals*

**140** **Ek** sê: "Luister dus na My! - Kyk, al sulke onryp mense kom meestal op die son wat nou deur jou gesien is en word in die eindelose groot skole onderrig in alle dinge wat die lewe aanbetref. Op dieselfde wyse word die vroeg gestorwe kinders in die middelgordel van ons son onderrig en grootgemaak - maar dan meer in die geestelike deel van die son.

[2] Die onryp siele kry op die son wat deur jou gesien is, weer `n liggaam, egter sonder om gebore te word, en dit word dan saam met die siel ook vergeestelik, en kan so in die egte geestelike oorgaan. Hoe sulke siele van hier na daar oorgebring word en deur wie, dit het jy by jou reis na die eerste son self meegemaak. Hierdie engel, wat nog hier langs ons staan, is die leier en heerser van alle wêrelde en sonne waaroor Ek nou met jou gepraat het. Daaraan kan jy sien watter mag en watter wysheid aan hom gegee is.

[3] Die tallose talle engele wat jy nou in lang rye om jou heen sien, het `n soortgelyke werk, want in die ewige dieptes is daar volgens menslike begrippe nog ontelbare sonnewêreld-gebiede met elkeen so

`n vorige beskrewe hoofmiddelson, en elkeen van die songebiede word deur een van hierdie engele bestuur. Jy sien nou weliswaar baie engele - maar dit is nog nie die tien maal honderd duisendste (een miljoenste) deel van alle groot heersende engele nie, laat staan die kleinere engele, aan wie vir `n spesiaal toesig en leiding enkele sonne en aardes en kleinere wêreldgebiede toevertrou is nie! En weet jy, tog moet Ek in My ewige Gees elke oomblik vir almal sorg, en as ek alles wat jou nou getoon is `n oomblik sonder My onveranderlike sorg sou laat, dan sou alles in dieselfde oomblik vergaan, sowel die grootste as die kleinste! - Sou jy dit ook met jou gees kon doen?"

[4] **Jarah** sê: "O Meester, hoe kan U my dit nou vra!? Ek, `n stoffie van hierdie aarde, - en U, wat in U Gees die enige, ewige, almagtige Elohim is! O, as die blinde fariseërs van Jerusalem dit tog maar kon sien, dan moes hulle tog tot ander insigte kom! Maar hulle kan dit nie sien nie, en sal dit nie sien nie, daarom sal hulle ook in hul verstoktheid en slegtheid ten gronde gaan! Kom hul siele in die hiernamaals soms ook in die sonneskool?"

[5] **Ek** sê: " Tog nie, My allerliefste Jarah, want hulle behoort nie aan `n onryp, maar aan `n heeltemal ryp volk. **En die siele van `n ryp volk kom, as hulle eers in alle boosheid gesterf het, deur hul eie wil in die diepte van die aarde**. Want omdat hulle suiwer materie geword het, is dit hul element, en hulle wil en kan nie daarvan skei nie. Daar sal wel alles, ja selfs die uiterste aan hulle gedoen word. Alle kwellinge en smarte word op hulle losgelaat om hulle los te maak van die materie. En as daar een van die materie loskom, dan kom hy in die skole wat op die geestelike deel van hierdie aarde bestaan. Eers daarvandaan gaan hulle dan verder na die maan. As hulle daar elke graad van die selfverloëning deurgemaak het en sterk daarin geword het, word hulle na `n meer volmaakte planeet verhef en daar in die ware wysheid onderrig.

[6] Wanneer so `n siel dan in die ware lig opgeneem word, wek die lig, wat al sterker en sterker word, die warmte van die geestelike lewe op, en die siel begin haar sodanig met haar gees te verenig, dat haar hele lewe langsaam maar seker liefde word. As die liefde dan sterk en kragtig genoeg geword het, en oorgegaan het in die egte innerlike lewensvlam, dan word dit in die siel van binne lig en stralend, en eers dan bevind so `n siel haar in die toestand waarin sy opgeneem kan word in die vrye wêreld van die geluksalige geeste, waar hulle dan weer as kind verder opgevoed word.

[7] Maar totdat `n siel wat op aarde stoflik geword het, sover gekom het, kan in `n gunstigste geval tog wel verskeie honderde jare verstryk. - Nou lees Ek egter in jou hart dat jy My weer iets wil vra, en Ek sê vir jou: vra, want jou vraag het `n goeie rede! Maar rig hierdie keer jou vraag aan die engel wat by ons staan, hy sal jou ook `n korrekte antwoord gee!"